SAKE 24 (Beeld)
30 Sep 2014, p.13

Whitey kry meer as R50 m.

Whitey Basson, uitvoerende hoof van Shoprite, het in die boekjaar tot einde Junie 'n salaris van R49 656 000 verdien. Met ander voordele ingesluit, was sy totale vergoeding R50 001 000.

In Mei het *Sake* berig dat Shoprite volgens navorsing van Mergence Investment Managers die maatskappy is met die grootste salarisgaping tussen 'n hoof en die gemiddelde werker.

Verlede jaar het Basson 725 keer soveel soos die gemiddelde Shoprite-werker verdien.

Die beleggersfirma het in 2013 die vergoedingspakket van uitvoerende hoofde van maatskappye wat op die JSE genoteer is, bestudeer. Hieruit het geblyk dat die gemiddelde uitvoerende hoof se vergoeding 144,6 keer soveel soos die gemiddelde Suid-Afrikaanse loon is.

Volgens Shoprite se jaarverslag het die maatskappy 11 762 werkgeleenthede in die jaar geskep. Hy het nou in totaal 123 100 mense in diens.

Shoprite se wesensverdienste vir die jaar tot einde Junie het met 3,3% tot R3,73 miljard toegeneem.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.